
# Christus se Sending na die Wêreld



Adrian Ebens

# Christus se Sending na die Wêreld

Adrian Ebens

Gedruk deur Maranatha Media, Suid-Afrika

Mei 2021

# Waarom het Jesus na die aarde gekom?

Die koms van Jesus Christus na hierdie aarde was 'n daad van liefde, goedhartigheid en barmhartigheid wat alle verstand te bowe gaan. Om vanuit Sy verhewe posisie te tree om 'n mens te word, vul ons met verbasing. Om aan die Seun van God te dink, die Majesteit van die Hemel, wat Homself verneder om as 'n kwesbare baba in 'n stal gebore te word. Die effek van slegs hierdie daad alleen behoort natuurlike menslike trots en ambisie te onderdruk.

Die vraag wat gevra moet word, is waarom het Hy gekom? Wat was die belangrikste boodskap en sending wat Hy kom lewer het? Die gebed van Jesus, die aand voor Sy kruisiging, maak Sy doel en sending duidelik.

> Ek het U verheerlik op die aarde. Die Werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Hier vertel Jesus ons van die werk wat die Vader Hom gegee het om te doen. Hierdie werk was om die Vader te verheerlik. Wat is God se heerlikheid? Moses het hierdie vraag gevra en God het Sy heerlikheid aan Moses geopenbaar.

> Daarop vra hy [Moses]: Laat my tog u heerlikheid sien. Exodus 33:18

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het **die Naam van die HERE uitgeroep**. (6) En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; (7) wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. Exodus 34:5-7

God het Sy karakter geopenbaar. Barmhartig, genadig, lankmoedig, geduldig en vol van goedheid en waarheid. Hoe kosbaar om hierdie dinge van ons Vader te weet. Daarom sien ons dat Jesus die karakter van Sy Vader geopenbaar het. Hy

het ons die barmhartigheid, genade, geduld, goedheid en waarheid van God getoon.

Wat beteken dit dat God die ongeregtighede van die vader aan die kinders van die derde en vierde geslag sal besoek? Eerstens, laat ons kyk na 'n baie soortgelyke stelling wat in die tien gebooie gevind word.

> Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. (5) Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; (6) en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. Exodus 20:4-6

Die God van die Bybel is 'n God van barmhartigheid. Diegene wat hulle van die ware God afwend en 'n god van wraak en vergelding kies, sal uiteindelik ervaar wat hulle valslik glo. Dit is nie omdat God hulle leed aandoen nie, maar omdat diegene wat hulle van God afwend en van Sy beskerming wegstap, hulself in die hande van die vernietiger, wat ons identifiseer as Satan, sal plaas.

> Hulle het ‘n leier gehad, die engel van die onderwêreld. Sy Hebreeuse naam was Aboddon – dit beteken: die een wat alles verwoes. Openbaring 9:11 (Die Boodskap)

> En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. (10) En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmereer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. 1 Korinthiërs 10:9-10

> Satan is die vernietiger, maar Christus is die herbouer. {Vertaal uit *Review and Herald*, Nov 26, 1895}

God stuur Sy engele om oor Sy kinders te waak en te beskerm. Diegene wat die ware God verwerp, word ná jare se oproepe en smekinge deur die Gees van

God, uiteindelik volgens hul eie besluit alleen gelaat. Dit is wat met Israel gebeur het met die vernietiging van Jerusalem nadat die volk die Messias verwerp het.

> Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (38) Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Matthéüs 23:37-38

## God se Oordele Kom Nie Direk Van Hom Af Nie

God het die volk Israel nie Self verwoes nie. Hy het die volk Israel verlaat om sodoende deur die vernietiger verwoes te word.

> Die Jode het hulle eie kettings gesmee; hulle het self hulle beker van grimmigheid volgemaak. In die totale verwoesting wat hulle getref het as volk, en in al die ellendes wat hulle agtervolg het in hulle verstrooiing, het hulle slegs die oes ingesamel van wat hulle self gesaai het. Die profeet het gesê: "Dit is jou verderf, o Israel;" "want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid." Hoséa 13:9; 14:2. Hulle lyding is dikwels beskryf as straf wat regstreeks op bevel van God oor hulle gekom het. Dit is op hierdie manier dat die groot bedrieër trag om sy eie werk te bedek. Deur hulle hardnekkige verwerping van goddelike liefde en genade, was **die Jode die oorsaak dat die beskerming van God van hulle onttrek is, en Satan is toegelaat om na willekeur oor hulle te heers**. Die verskriklike wreedhede tydens die verwoesting van Jerusalem is 'n voorbeeld van Satan se wraaksugtige mag oor diegene wat hulle aan hom oorgee. {Die Groot Stryd, 1981, bl.27.2}

Dit is wat God bedoel wanneer Hy die ongeregtighede van die vaders aan die kinders besoek aan die derde en vierde geslag van die wat Hom haat. Die woord *besoek* in die Hebreeus beteken *toesig hou, sorg vir, hef/eis, tot herinnering roep*. Ons Vader in die hemel laat toe dat elkeen se besluite vasstaan. Hy dwing

mense nie om van plan te verander nie. Hy hou toesig oor die proses waarin elke persoon die vrug van sy eie besluite ontvang. Die Bybel spreek dit so uit:

> Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. (8) Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. Galásiërs 6:7-8 (1983-Vertaling)

Die geestelike saad wat 'n persoon saai, sal toegelaat word om vrug te dra tot die ewige lewe of tot die dood. God hou toesig oor die proses om toe te laat dat elke persoon die vrug van sy besluite ontvang. Dit is die enigste regverdige ding om te doen. Alhoewel dit ons Vader vreeslike lyding veroorsaak om dit toe te laat, doen Hy dit steeds omdat Hy lankmoedig is en sodoende ‘n vrye keuse vir almal beskikbaar is.

> Daar is aan my getoon dat die oordele van God nie direk van die Here af oor hulle sou kom nie, maar op hierdie manier: Hulle plaas hulself buite Sy beskerming. Hy waarsku, korrigeer, berispe en wys die enigste pad van veiligheid uit; dan, indien diegene wat onder Sy spesiale sorg was, hul eie gang volg onafhanklik van die Gees van God, na herhaaldelike waarskuwings, indien hulle hul eie weg kies, dan gee Hy nie Sy engele opdrag om Satan se besliste aanvalle op hulle te verhoed nie. { Vertaal uit *Manuscript Releases*, Vol.14, p.3}

Daar is sommige wat beweer dat hierdie stelling van Ellen White nie 'n algemene beginsel is nie, maar slegs 'n verwysing na 'n spesifieke gebeurtenis net voordat sy dit geskryf het. Twee paragrawe vroeër skryf sy:

> Daar is aan my getoon dat die tyd in die nabye toekoms was, dat diegene, vir wie God gewaarsku en berispe het en groot lig gegee het, maar wie nie hul weë regstel en die lig sou volg nie; vir diesulkes sou Hy die hemelse beskerming van hulle wegneem wat hulle van Satan se wrede krag bewaar; die Here sou hulle sekerlik aan hulleself oorlaat om die oordeel en raad van hul eie wysheid na te volg; hulle sou eenvoudig aan hulleself oorgelaat word, die

> beskerming van God sou van hulle onttrek word, en hulle sou nie beskerm word teen die werking van Satan nie; dat geeneen met beperkte oordeel en vooruitskouing nie die beskerming raaksien wat God deur Sy engele op die mensekinders uitgeoefen het tydens hul reise, in hul eie huise, aan hul etenstafels nie. Waar hulle ook al is, is Sy oog op hulle. Hulle word bewaar van duisend gevare, wat vir hulle onsigbaar is. Satan het strikke gelê, maar die Here is voortdurend besig om Sy volk van hulle te red. { Vertaal uit *Manuscript Releases*, Vol.14, p.2.3}

Tog is dit juis hierdie beginsel wat God in die tien gebooie uitdruk en dit is die beginsel wat Jesus aan die Joodse leiers uitgespreek het toe Hy gesê het dat hulle huis vir hulle woes gelaat is. Hieronder word hierdie beginsel weer herhaal as 'n algemene beginsel rakende nasies wat Hom verwerp.

> God hou rekening met die nasies. Nie 'n mossie val op die grond sonder Sy wete nie. Diegene wat kwaad aan hulle medemens bewerk en sê: Hoe weet God dit? sal eendag geroep word om lankvertraagde wraak in die gesig te staar. In hierdie eeu word daar minagting aan God getoon. Die mens het 'n punt in parmantigheid en ongehoorsaamheid bereik wat toon dat hul beker van ongeregtigheid amper vol is. Baie het al byna die grens van barmhartigheid oorgesteek. Binnekort sal God wys dat Hy inderdaad die lewende God is. Hy sal vir die engele sê: "Hou op om Satan teë te staan in sy pogings om te vernietig. Laat hy sy boosheid op die kinders van ongehoorsaamheid uitstrooi; want die beker van hulle ongeregtigheid is vol. Hulle het van die een graad van goddeloosheid na die ander gegroei en daagliks toegevoeg tot hul wetteloosheid. Ek sal nie langer inmeng om die vernietiger te verhoed om sy werk te doen nie." { Vertaal uit *Review and Herald*, September 17, 1901 par. 8}

Wanneer Ellen White dus verklaar wat in die nabye toekoms gaan gebeur, dui sy bloot aan dat God se universele beginsel om afvalligheid te hanteer op die punt was om plaas te vind. Dit was nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Dit word bevestig deur hierdie universele uitsprake omtrent God se engele.

> **Engele word vanuit die hemelse howe gestuur, nie om te vernietig nie**, maar om siele wat in gevaar is te bewaak en te beskerm, om verlorenes te red, om die verdwaaldes na die kudde terug te bring. {Vertaal uit *Review and Herald*, 10 Mei 1906}

> **Engele kom nie na die aarde om aan te kla en te vernietig, te regeer en om aanbidding te vereis nie, maar is boodskappers van barmhartigheid om saam te werk met die Leërowerste van die Here**, om saam te werk met die menslike agente wat vooruit sal gaan om die verlore skape te soek en te red. Engele word beveel om 'n laer te trek rondom diegene wat God vrees en liefhet. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 20 November 1893, par. 3}

Dank die Here dat Hy nie Sy engele stuur om te vernietig nie. Hy is nie 'n vernietiger nie, maar 'n herbouer.

# God Dwing Niemand Nie

God kan niemand te eniger tyd dwing nie, sodat elke persoon in staat is om die vryheid van keuse te hê en om die vrug van hul eie besluite te dra. Hierdie waarheid word duidelik in die Bybel en die Gees van Profesie gestel.

> My lewe is altyddeur in my hand; nogtans vergeet ek u wet nie. Psalms 119:109

> Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, **kies dan vir julle vandag wie julle wil dien**: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien. Josua 24:15

Wanneer 'n persoon gedreig word om doodgemaak te word deur die persoon wat hy weier om te volg, is dit nie vryheid van keuse nie. Indien God dreig om diegene wat weier om Hom te volg, te verbrand en te vernietig, gee Hy hulle

nie die vryheid om te kies nie. In hierdie geval sou Hy hulle dwing om Hom te kies. God se regering is nie so nie.

> Die gebruik van geweld is teenstrydig met die beginsels van Gods regering; Hy verlang alleen die diens van liefde, en liefde kan nie afgedwing word nie; dit kan nie deur gebiedende gesag gewin word nie. Alleen liefde kan liefde verwek. Om God te ken is om Hom lief te hê; Sy karakter moet geopenbaar word in teenstelling met dié van die Satan. {Koning van die Eeue, 1940, bl.10.2}

> Die opstand sou nie met geweld onderdruk word nie. Geweld is iets wat alleenlik in die regering van die Satan gevind word. Die Here se beginsels is nie van daardie aard nie. Sy gesag berus op goedheid, genade, en liefde; en dit is deur die handhawing van hierdie beginsels wat God werk. Gods regering is sedelik, en waarheid en liefde vier daarin die botoon. {Koning van die Eeue, 1940, bl.698.5}

> Geweld is die laaste uitweg van elke valse godsdiens. {*Vertaal uit* Signs of the Times, Mei 6, 1897}

Indien die beginsel van geweld in stryd is met God se regering, hoe is dit dan moontlik dat God hierdie beginsels enigsins gebruik? Die Gees van Profesie maak dit baie duidelik dat geweld slegs onder Satan se regering gevind kan word.

> Satan se vertoë teen die regering van God en sy verdediging van diegene wat hom bygestaan het, was 'n voortdurende beskuldiging teen God. Sy murmureringe en klagtes was ongegrond; en tog het God hom toegelaat om sy teorie uit te werk. **God sou Satan en al sy medelyers so maklik kon vernietig as wat ons 'n klippie kan optel en op die grond neergooi. Maar deur dit te doen, sou hy 'n presedent geskep het vir die uitoefening van geweld. Alle afdwingbare krag word slegs onder Satan se regering gevind. Die Here se beginsels is nie van hierdie orde nie. Hy sou nie op hierdie manier te werk gaan nie.** Hy sou nie die minste aanmoediging gee vir enige

> mens om homself as God op te stel oor 'n ander mens, en sodoende vry te voel om daardie persoon liggaamlike of geestelike lyding te veroorsaak nie. Hierdie beginsel is in sy geheel deur Satan geskep. {Vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par. 7}

Ons word vertel dat God Satan en sy volgelinge miskien kon vernietig het, maar dat dit 'n presedent sou geskep het vir die gebruik van geweld. Dit definieer die betekenis van die term *geweld*. Geweld sluit in om iemand te vernietig indien hulle jou teëstaan. God kon dit nie doen nie, want dit is nie Sy beginsel nie. Dit beteken ook dat God nooit Satan kon vernietig nie, want dit sou 'n presedent skep vir die gebruik van geweld. Luister hoe die Getuienis van Jesus hierdie tema in die volgende paragraaf voortsit.

> Die beginsels van die karakter van God was die grondslag van die opvoeding wat voortdurend voor die hemelse engele gehou is. Hierdie beginsels was goedheid, barmhartigheid en liefde. Lig wat homself bevestig moes erken en vryelik aanvaar word deur almal wat posisies van vertroue en mag beklee het. Hulle moet God se beginsels aanvaar, en deur die aanbieding van waarheid en geregtigheid almal wat in sy diens is, oortuig. Dit was die enigste krag wat gebruik kon word. **Daar mag nooit geweld intree nie.** Almal wat gedink het dat hul posisie aan hulle die mag gee om hul medemens te beveel en hul gewete te beheer, moet van hul posisie ontneem word; want dit is nie God se plan nie. {Vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par.8}

Daar moet nooit geweld intree nie, wat beteken dat die vernietiging van diegene wat die waarheid teëstaan nooit moet intree nie. Slegs deur liefde word liefde aangewakker.

> Hierdie beginsels moet die grondslag vorm van opvoeding in God se kerk van vandag. Die reëls wat deur Hom gegee word, moet nagekom en gerespekteer word. God het dit beveel. Sy regering is moreel. **Niks moet met dwang gedoen word nie**. **Waarheid moet die heersende mag wees**. Alle diens moet gewillig gedoen word en uit liefde vir God. Almal wat met posisies

> van invloed vereer word, moet God verteenwoordig; want wanneer hulle diens doen, is hulle in die plek van God. In alles moet hul optrede ooreenstem met die belangrikheid van hul posisie. Hoe hoër die posisie is, hoe duideliker sal selfopoffering geopenbaar word indien hulle geskik is vir die amp. Elke hart wat deur hierdie beginsels beheer word, sal lojaal wees. Maar wanneer diegene wat beweer dat hulle in diens van God is, hulle tot beskuldiging wend, neem hulle Satan se beginsels aan om Satan uit te dryf; en dit sal nooit werk nie. {Vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par. 9}

Hoe kan ons mense leer dat indien hulle nie glo wat ons glo nie, dat God hulle sal verbrand en vernietig? Dit is die gebruik van geweld en dit behels die gebruik van dwang. Dit is nie vir God se volk moontlik om in hierdie rigting te werk nie. Waarheid moet ons oorheersende mag wees. Ellen White gaan in die volgende paragraaf voort.

> In die rade van die hemel is besluit dat daar op beginsels opgetree moet word wat Satan se mag nie dadelik vernietig nie; want dit was God se doel om dinge vir ewig op 'n veilige basis te plaas. Daar moet tyd gegee word vir Satan om die beginsels wat die grondslag van sy regering was, te ontwikkel. Die ganse heelal moet sien hoe die beginsels wat Satan voorhou as 'n verbetering op God se beginsels, uitwerk. **God se orde moet met Satan se orde gekontrasteer word. Die korrupte beginsels van Satan se heerskappy moet geopenbaar word**. Die beginsels van geregtigheid wat in God se wet betuig word, moet voorgehou word as onveranderlik, volmaak, ewig. {Vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par.10}

Let op dat daar geskrywe staan dat God se orde gekontrasteer moet word met Satan se orde. Ellen White verduidelik hoe hierdie kontras voltooi is toe Jesus aarde toe gekom het.

> Die Here het toegelaat dat Satan voortgaan om sy beginsels te demonstreer. God het wel geopenbaar dat Sy beginsels korrek was, en

> Hy het die ongevalle wêrelde en die hemelse heelal saamgedra; maar dit was teen 'n verskriklik prys. Sy eniggebore Seun is prysgegee as Satan se slagoffer. **Die Here Jesus Christus openbaar 'n karakter wat heeltemal die teenoorgestelde van dié van Satan is.** Net soos die hoëpriester sy pragtige, hoëpriesterlike kleed opsy gesit het en in die wit linnekleed van 'n gewone priester bedien het, het Christus Homself leeggemaak en die gedaante van 'n dienskneg aangeneem en die offer gebring, Hyself die priester, Hyself die slagoffer. {Vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par.12}

Indien Satan diegene wat hom teëstaan doodmaak, en Jesus 'n karakter openbaar wat die teenoorgestelde van dié van Satan is, word dit duidelik dat Christus nie diegene wat Hom teëstaan doodmaak nie en daarom ook nie Sy Vader nie.

Liefde kan nie beveel word nie. Die Bybel sê dat volmaakte liefde vrees verdryf. Indien God mense met die dood dreig, kan God niemand van vrees verlos nie.

## Christus se Sending

Met hierdie oorwegings in gedagte, wil ek aan u 'n versameling aanhalings uit die Gees van Profesie voorlê wat die sending van Christus aan hierdie wêreld duidelik openbaar. Jesus het gesê dat dit Sy sending was om die Vader se heerlikheid of karakter te openbaar. In Johannes 17, slegs 2 verse vanwaar Hy gesê het dat Hy die Vader kom verheerlik het, sê Hy die volgende:

> Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Johannes 17:6

God het Sy Naam aan Moses verkondig soos dit in Exodus 34:5 aangekondig word. Hier vertel Christus ons dat Hy nie slegs die Naam van Sy Vader verkondig het nie, maar dat Hy dit ook geopenbaar het. Dit beteken dat Hy ons die Vader getoon het. Soos Hy vir Filippus gesê het:

> Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Johannes 14:9

Ek vra u om die volgende aanhalings deeglik te oorweeg om te weet wat die sending van Christus aan hierdie wêreld was.

> Die **liefde** en **eer** en volmaaktheid wat in die **Evangelie geopenbaar** word, is 'n **openbaring van die karakter van God aan die mens**. Die **geregtigheid** en **goedheid** en **welwillendheid** wat in die karakter van Christus gesien is, moet herhaal word in die lewens van diegene wat die voorregte van die Evangelie aanvaar. Deur die woord te bestudeer, moet ons Hom sien soos Hy is en, bekoor deur die aanskouing van Sy goddelike volmaaktheid, moet ons tot dieselfde beeld groei. **Ons moet verstaan dat die Evangelie die heerlikheid van die Here ten volle openbaar**. **Dit is die spieël wat die karakter van God aan die bekeerde siel openbaar**. **Die gelykenis van God word geopenbaar in die volmaakte karakter van Sy Seun**, sodat ons kan verstaan wat dit beteken om in die gelykenis van die beeld van God gemaak te wees en wat ons kan word deur voortdurend te aanskou dat ons verander word van "heerlikheid tot heerlikheid." {Vertaal uit *Signs of the Times*, 24 Februarie 1909, par.3}

Die Evangelie word in die eerste vier boeke van die Nuwe Testament geopenbaar. In hierdie boeke word die volle heerlikheid van die Here geopenbaar. Dit is waarna Paulus hier verwys:

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here [Jesus Christus] aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Korinthiërs 3:18

Christus sê vir Filippus dat indien hy Christus kan sien, hy presies kan sien hoe die Vader is.

> **In Christus het God die weerspieëling van Sy eie beeld aanskou. God was gemanifesteer in die vlees vanweë die volledige identiteit van Sy karakter met Christus se karakter.** Hierdie openbaring van God in die vlees was vir die hemelse leërskare 'n wonder, "naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was". {Vertaal uit *Signs of the Times*, 15 April 1897, par.10}

Ons word vertel dat Christus se manifestasie in die vlees die karakter van God volledig geopenbaar het. Die volledige identiteit van Sy karakter is geopenbaar terwyl Christus hier op aarde was.

> God eis volmaaktheid van Sy kinders. Sy wet is 'n skriftelike weergawe van Sy eie karakter, en dit is die maatstaf vir alle karakters. Hierdie ewige maatstaf word aan almal voorgehou sodat daar geen fout kan wees rakende die soort volk wat God in Sy koninkryk wil hê nie. **Die <u>lewe van Christus op aarde</u> was 'n volmaakte weergawe van Gods wet**, en wanneer die karakter van diegene wat beweer dat hulle kinders van God is, soos dié van Christus word, sal hulle Gods gebooie gehoorsaam. {Gelykenisse van Christus, bl..227; Christ Object Lessons p.315.1}

Indien Christus se lewe op aarde die volmaakte uitdrukking van God se wet is, wat anders sê die Gees van Profesie dan omtrent God se wet?

> Die wet van God is net so heilig soos Hy self. Dit is 'n openbaring van Sy wil, 'n afdruksel van Sy karakter, die uiting van Goddelike liefde en wysheid. {Patriage en Profete, Hoofstuk 3, bl.3}

Indien Christus se lewe op aarde 'n volmaakte uitdrukking van God se wet is en die wet so heilig soos Hyself en 'n afdruksel van Sy karakter is, het Christus die karakter van God volkome op aarde geopenbaar. Oorweeg die volgende geïnspireerde stelling met die voorafgaande in gedagte:

> Christus het nooit enigeen doodgemaak nie... {Vertaal uit *Christ Triumphant* 248.4}

Dit is presies wat die wet van God vir ons sê:

> Jy mag nie doodslaan nie. Exodus 20:13

Kom ons volg die logika na.

1. Die lewe van Christus op aarde was die volmaakte uitdrukking van God se wet.
2. Christus het nooit iemand doodgemaak nie.
3. Die wet sê dat jy nie mag doodmaak nie.
4. Daarom maak God nie dood nie – niemand nie.

Dit is so eenvoudig soos die Bybel wat sê dat daar een God en een Here is. Die Christelike wêreld maak hierdie eenvoudige waarheid baie kompleks, maar dit is nie. Dis eenvoudig. Die Christelike wêreld maak ook die idee dat God mense doodmaak, baie ingewikkeld, terwyl Christus dit duidelik nie gedoen het nie en Hy die volkome openbaring van die Vader is.

> Diegene wat die seën van God ervaar het, behoort die dankbaarste mense te wees. Hulle behoort danksseggingswoorde op na God te stuur, omdat Christus in die ewebeeld van sondige vlees gekom het en Sy goddelikheid met menslikheid beklee het, sodat Hy die volmaaktheid van God in Sy eie karakter aan die wêreld kon toon. Hy het gekom om God te verteenwoordig, nie as 'n streng regter nie, maar as 'n liefdevolle vader. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." God is liefde. Dit is die groot waarheid wat Christus gekom het om aan die wêreld te openbaar. **Satan het die karakter van God so verkeerdelik voorgestel aan die wêreld dat die mens op 'n afstand van God gestaan het; maar Christus het die eienskappe van die Vader aan die wêreld kom toon, om die uitdruklike beeld van Sy persoon voor te stel**. "…[Ek] doen net soos die Vader My beveel het…" "Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang." **Die doel van Christus se opdrag aan die wêreld was om die Vader te openbaar**. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 11 April 1895, par.2}

Christus is die uitdruklike beeld van die Vader as persoon, soos Hebreërs 1:3 dit stel. Ellen White sê dat Christus na die wêreld gekom het om die Vader se eienskappe te openbaar as die uitdruklike beeld van God as persoon. Dan volg die groot uitspraak:

> **Die doel van Christus se sending na die wêreld was om die Vader te openbaar**. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 11 April 1895, par.2}

Hierdie stelling is die volledige uitdrukking van Johannes 17:4. Christus se sending was om die Vader te openbaar. Dank die Here vir hierdie glashelder stellings.

> Christus het die karakter van God verheerlik deur aan Hom die lof toe te ken en aan Hom die eer te gee, dit is **die hele doel van Sy eie sending op aarde - om die mens reg te help deur die openbaring van God**. **Die vaderlike genade en die ongeëwenaarde volmaaktheid van die Vader is in Christus voor die mens gestel**. In Sy gebed net voor Sy kruisiging, het Hy verklaar: "**Ek het u Naam geopenbaar**." "**Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Nadat die doel van Sy sending bereik is – die openbaring van God aan die wêreld – het die Seun van God aangekondig dat Sy werk volbring is en dat die karakter van die Vader aan die mense openbaar gemaak is**. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 20 Januarie 1890, par.9}

Weereens is daar geen twyfel gelaat omtrent die doel van Christus se sending na die aarde nie. Dit was om die mens, deur 'n openbaring van God, reg te stel. Ellen White se uitbreiding van Johannes 17:4 gee ‘n pragtige verklaring van Christus se sending:

> **Nadat die doel van Sy sending bereik is – die openbaring van God aan die wêreld – het die Seun van God aangekondig dat Sy werk volbring is en dat die karakter**

> **van die Vader aan die mens openbaar gemaak is.** {Vertaal uit *Signs of the Times*, 20 Januarie 1890, par.9}

Dit is wonderlik om te weet dat Christus se aardse sending ons getoon het hoe die Vader is. Ons kan seker wees dat ons die Vader deur Jesus ken. Christus is dus die weg na die Vader, die waarheid van die Vader en die lewe van die Vader.

> Hulle moet die beginsels van die hemel hier op aarde toepas indien hulle lede van die koninklike familie in die hemel sou word. **Christus se lewe in ons wêreld was om 'n voorstelling in Sy eie karakter te gee van die hoogste uitnemendheid van God se karakter.** Sy woorde moes lewe gee, deurdat hulle deur Sy woorde en dade 'n ware opvatting van Sy karakter sou kon hê. Christene moet nooit vir een oomblik vergeet dat hulle in alles navolgers van Christus moet wees nie. { Vertaal uit *Manuscript* 11, 1895.10}

Hierdie stellings kan nie verkeerd verstaan word nie. Waarom wil mense sê dat Christus slegs gekom het om God se barmhartigheid op aarde te openbaar, om dan weer later God se geregtigheid te openbaar? Dit sou vertroue in die geïnspireerde geskrifte van die Bybel en die Gees van Profesie vernietig.

> Ondanks hulle pogings om Hom teen te werk, het Christus selfs in Jerusalem groter invloed onder die volk begin kry as hulle. Menigtes wat geen belangstelling gehad het in die stryery van die rabbi's nie, het aangetrokke gevoel tot Jesus deur Sy lering. Hulle kon Sy woorde verstaan, en hulle harte is verkwik en vertroos. **Hy het God nie as 'n wraaksugtige regter voorgestel nie, maar as 'n barmhartige Vader, en Hy self het die beeld van God weerkaats. Sy woorde was soos balsem vir hulle verwonde gees**. Beide deur Sy woorde en Sy werke van genade het Hy die verdrukkende mag van die ou tradisies en menslike gebooie verbreek, en die grenslose liefde van God in sy volheid voorgestel. {Koning van die Eeue, 1940, bl.170.3}

Dit is so mooi gestel. Christus het die karakter van die Vader weerspieël toe Hy hier op aarde was. Dit was 'n volmaakte voorstelling.

> So was dit, en so sal dit tot aan die einde van die tyd wees. Sonde is Satan se eienskap en dit is altyd teenstrydig met die goeie. Die gees van Kain kom tot uiting in alle valse godsdienste. **Satan se werk is om te veroordeel en te vernietig, om die mens se vryheid weg te neem en sy lewe te vernietig**. Oortreding lei altyd daartoe dat die mens as Satan se agente optree en sy voornemens teen God en geregtigheid uitvoer. **In Nasaret het Christus aangekondig wat Sy werk is: om te herstel en op te hef, om vrede en geluk te bring. Hy het na hierdie wêreld gekom om die Vader te verteenwoordig en Hy het Sy goddelike krag geopenbaar deur lewe aan die dooies te gee, deur die siekes en lydendes weer sterk en gesond te maak. <u>Hy was in hierdie wêreld soos die boom van die lewe</u>. Satan is in 'n stryd gewikkel met Christus, die goddelike Herbouer. Sy agente is gekant teen die Heiland se werk om die mens te verhef en te veredel. Die eerste dood in ons wêreld is veroorsaak deur die uitwerking van Satan se beginsels; sedertdien was Christus en Sy volgelinge die voorwerp van sy boosaardige haat.** {Vertaal uit *Signs of the Times*, 21 Maart 1900, par.13-15}

Die kontras in die aanhaling is duidelik. Satan se werk is om te veroordeel en te vernietig, om vryheid te ontneem en lewe te vernietig. Christus se werk is om te herstel en op te hef en vrede te bring. Dit is 'n wonderlike kontras. Deur hierdie werk te doen het Christus die Vader geopenbaar. Ek ervaar soveel vreugde om hierdie aanhalings te lees. Ek hoop u ook.

> **Deur Jesus, die Seun van God, word die Vader meer volledig aan die wêreld geopenbaar**. Jesus het vir Sy dissipels gesê: "As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Die siele van duisende roep vandag uit: "Toon ons die Vader, en dan sal ons

> tevrede wees. Ons kan nie op God as ons Vader aanspraak maak voordat ons Hom nie gesien het nie." Jesus sê vir elke siel soos Hy vir Filippus gesê het: "Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie?" Het jy My werke gesien, het jy na My leerstellings geluister, het jy die wonderwerke wat Ek in die Naam van My Vader gedoen het aanskou, en tog het jy nie die natuur van God verstaan nie? **Ek het saam met jou en vir jou gebid, en tog kan jy nie begryp dat Ek die weg, die waarheid en die lewe is nie, en dat Ek in my lewe die karakter van My Vader aan jou bekend gemaak het nie? Ek is die glans van My Vader se heerlikheid, Ek is die uitdruklike beeld van Sy persoon. "Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke**. Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan." {Vertaal uit *Signs of the Times*, 9 Junie 1890, par.1}

Dit is baie interessant. Dieselfde probleem as wat Philip gehad het, bestaan vandag. Hy kon nie sien dat Christus 'n volledige verteenwoordiging van die Vader was nie. Byna die hele Christelike wêreld ly aan dieselfde blindheid. Dankie Here Jesus dat U vir ons die Vader getoon het toe U na hierdie wêreld gekom het.

> Christus het na ons wêreld gekom om ons offer te word. Hy het aan ons oë die juwele van die waarheid kom wys, om dit in 'n nuwe raam te plaas – die raamwerk van die waarheid. Hy het nuwe en ou dinge uit God se skatkamers vorendag gebring, sodat ons die skakels in die groot verlossingsplan kon naspoor. Deur die offergawes van die Joodse bedeling word ons vooruit gewys na Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Toe Christus gekom het, was dit om toe te tree tot die konflik met die vyand van God en die mens, op hierdie aarde, voor die oë van die heelal van die hemel. **Waarom was dit nodig om**

**die stryd voor ander wêrelde te voer? – Dit was omdat Satan 'n verhewe engel was en nadat hy geval het, het hy baie engele aangespoor om by sy opstand teen God se regering aan te sluit. Hy het in die gedagtes van die engele gewerk soos hy vandag in die gedagtes van die mens werk. Hy het voorgehou dat hy lojaal aan God was en tog het hy aangevoer dat engele nie onder die wet moet wees nie. Hy het sy idees, sy rebellie en vyandskap ingeskerp; sodat daar 'n haat teenoor God se wet deur sy invloed in die denke van die engele in die hemel ontstaan het. Hy het die val van die mens veroorsaak deur dieselfde versoekings waarmee hy die val van engele veroorsaak het**; in die wêreld waar hy voorgeneem het om sy beginsels van rebellie uit te werk, moes die stryd gevoer word, sodat almal die werklike natuur en die gevolge van ongehoorsaamheid aan God se groot morele standaard kon aanskou. Hy het God in 'n valse lig voorgestel en Hom met sy eie eienskappe beklee. **Christus het gekom om die Vader in Sy ware karakter te verteenwoordig. Hy het getoon dat Hy nie 'n arbitrêre regter was, wat gereed was om uitsprake oor die mens te lewer en verheug is om hulle te veroordeel en te straf vir hul bose dade nie.** Die Here het Sy karakter aan Moses op die berg verkondig. "En die Here het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die Here uitgeroep. En toe die Here by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou, wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie." {Vertaal uit *Signs of the Times*, 18 November 1889, par.6}

Dit is waarlik 'n verhewe openbaring van die Vader. Ellen White gee 'n pragtige samevatting oor die rede waarom Jesus na die aarde moes kom. Satan het menigtes in die hemel mislei omtrent die karakter van God, sowel as die hele mensdom. Christus het die waarheid omtrent wie God is, geopenbaar.

**Dit was die beskrywing wat God van Sy eie karakter gegee het. Jesus het gekom om die goedheid, barmhartigheid en liefde van die Vader te verteenwoordig. Satan was vervul met vyandskap teenoor die Seun van God en het van sy geboorte af gestreef om hom te vernietig**. Hy het deur die goddelose Herodes gewerk om sy planne te bereik, maar die Here het die lewe van die jong kind Jesus bewaar en die planne van die bose gedwarsboom. Die lewe van Christus was telkens in gevaar. Baie maal, selfs nadat die volk na Sy genadige woorde geluister het en die manifestasie van Sy krag gesien het om siekes te genees en diegene rondom Hom te seën, was hulle gereed om Hom te vernietig. Hy het sonde gehaat met 'n volmaakte haat. Dit was die suiwer, vlekkelose lewe van Jesus wat die haat van Satan en daarmee saam 'n onheilspellende nasie na vore gebring het; want Christus het geen sonde gedoen nie en daar is geen bedrog in Sy mond te vinde nie. Die Joodse nasie was gevul met twyfel en vooroordeel en dit het hulle daartoe gelei om die Seun van God te haat. As gevolg van hul ongeloof was hulle aan die kant van die vyand, onder die beheer van die bose een. { Vertaal uit *Signs of the Times*, 18 November 1889, par.7}

**Die hemel het neergekyk en die dwalings gesien waarin die mens gelei word en geweet dat 'n goddelike Instrukteur na die aarde moes kom. Deur die verkeerdelike voorstellings van die vyand is baie mislei dat hulle 'n valse god aanbid, beklee met die eienskappe van die sataniese karakter**. Diegene in onkunde en morele duisternis moet lig, geestelike lig hê; want die wêreld het God nie geken nie en Hy moet aan hulle verstand geopenbaar word. **Waarheid het van die hemel af neergekyk en die weerspieëling van haar beeld nie gesien nie; want digte wolke van geestelike duisternis en somberheid het die wêreld omhul. Die Here Jesus alleen kon die wolke terugrol; want Hy is die lig van die wêreld**. Deur Sy teenwoordigheid kon Hy die somber skaduwee wat Satan tussen

die mens en God gewerp het, verdryf. {Vertaal uit *Counsels to Parents, Teachers and Students*, p.28.1}

**Die Seun van God het na hierdie aarde gekom om die karakter van die Vader aan die mens te openbaar, sodat hulle kan leer om Hom in gees en waarheid te aanbid**. Hy het gekom om die wêreld met waarheid te besaai. Hy het die sleutels van al die skatte van wysheid gehad en kon deure vir die wetenskap oopmaak en onontdekte store van kennis openbaar, indien dit noodsaaklik was vir verlossing. In die Lig wat elke mens verlig wat in die wêreld kom, was elke fase van die waarheid glashelder. {Vertaal uit *Counsels to Parents, Teachers and Students* 28.2}

**In die reinheid van Sy lewe het Hy die Vader geopenbaar en die heerlikheid van God het uit Sy karakter voortgevloei. Die volmaaktheid van die Vader is getoon voor ongevalle wêrelde, voor hemelse intelligensies en aan die sondige mens**. In die bemiddelingswerk van Christus is die liefde van God in volmaaktheid aan die mens en engele geopenbaar. Nadat Hy die versoeking oorwin en die toets in die woestyn gedra het en namens ons oorwin het, draai Hy Sy aangesig na Golgota en in die volmaaktheid van die mensdom gryp Hy die wêreld aan en in die volheid van Sy goddelikheid gryp Hy die troon van God aan en kondig die resultaat van Sy verskriklike konflik met die vyand aan en roep uit: "Nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word." Die laaste vyand is nou vernietig. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 27 Junie 1895, par.7}

**Alles wat die mens van God moet weet of kan weet, is in die lewe en karakter van Sy Seun geopenbaar**. "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar." Johannes 1:18. **Deur menslikheid op Hom te neem, het Christus een geword met die mensdom en terselfdertyd ons hemelse Vader aan die sondige mensdom geopenbaar**. Hy was in alles soos Sy broers gemaak. Hy het vlees geword, net soos ons. Hy was

honger en dors en afgemat. Hy is deur voedsel onderhou en verfris deur slaap. Hy het die lot van die mens gedeel en tog was Hy die onberispelike Seun van God. Hy was 'n vreemdeling en bywoner op aarde – in die wêreld, maar nie van die wêreld nie; versoek en beproef soos mans en vroue vandag versoek en beproef word, maar het 'n lewe vry van sonde geleef. **Deur tederheid, medelye, simpatie, deur altyd bedagsaam teenoor ander te wees, verteenwoordig Hy die karakter van God en is voortdurend besig met diens aan God en die mens**. {Vertaal uit *Testamonies* Vol.8 286}

Watter mate van die karakter van God is in die Seun geopenbaar?

**Die volle karakter van God is in Sy Seun geopenbaar**, die volle reeks moontlikhede van die hemel word aan die mens getoon, sodat daar aanvaarding vir hulle kan wees in die Seun van die Oneindige Een. Die weg vir die mens om terug te keer na God en die hemel het geen hindernisse nie. Die weergalose dieptes van die Heiland se liefde is getoon; en indien hierdie manifestasie van God se liefde nie die mensekinders oorhaal om na Hom getrek te word nie, is daar niks wat dit ooit sal kan doen nie. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 30 Desember 1889, par.6}

Christus se eenheid met die Vader was 'n voortdurende vreugde vir God, want **Hy het geweet dat daar Een in die wêreld was wat Hom nie verkeerdelik sou voorstel nie. In Christus het Hy die weerspieëling van Sy eie karakter aanskou. Die groot begeerte van Christus was dat Sy volgelinge dieselfde eenheid sou kon hê. Vir hierdie eenheid het Hy gebid**. [Johannes 17:17-21, aangehaal.] {Vertaal uit *Manuscript Releases*, Vol.14, 220.2}

In Christus het God die weerspieëling van sy eie beeld aanskou. **God was in die vlees geopenbaar vanweë die volledige identiteit van Sy karakter wat in Christus se karakter was. Dit was vir die hemelse leërskare 'n wonder dat God so in die vlees geopenbaar moes word,** "naamlik die

verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was." {Vertaal uit *Signs of the Times*, 15 April 1897, par.10}

**God het niks wat Hy vir ons kon doen, ongedaan gelaat nie. Hy het 'n volmaakte voorbeeld van Sy karakter in die karakter van Sy Seun gegee; dit is die werk van die volgelinge van Christus, terwyl hulle die onvergelykbare voortreflikheid van Sy lewe en karakter aanskou, om te groei na Sy ewebeeld**. Terwyl hulle na Jesus kyk en op Sy liefde reageer, sal hulle die beeld van Christus weerspieël. {Vertaal uit *Review and Herald*, 15 Februarie 1898}

Satan het God aangekla dat Hy die eienskappe besit wat hyself besit. **Christus het na hierdie wêreld gekom om God se karakter te openbaar soos dit werklik is**. Hy is die volmaakte voorstelling van die Vader. Sy lewe van sondeloosheid, wat Hy op hierdie aarde in die menslike natuur geleef het, is 'n volledige weerlegging van Satan se aanklag teen die karakter van God. {Vertaal uit *Bible Training School*, 1 Oktober 1902}

Christus is ons patroon, die volmaakte en heilige voorbeeld wat ons gegee is om na te volg. {Vertaal uit *Manuscript* 65, 1894}

**Christus alleen kon die Vader aan die mensdom voorstel; dit was die voorreg van die dissipels om hierdie voorstelling vir meer as drie jaar te aanskou**. {Koning van die Eeue, 1940, bl.611.1}

Die Meester van die hemel, niks minder as die persoon van die Seun van God nie, het na die aarde gekom om die karakter van die Vader aan die mens te openbaar, sodat hulle Hom in gees en waarheid kon aanbid. Christus het aan die mens die feit geopenbaar dat die strengste nakoming van seremonie en vorm hulle nie sou red nie; want die koninkryk van God was geestelik van aard. Christus het na die wêreld gekom om dit met waarheid te besaai. Hy het die sleutels van al die skatte van wysheid gehad, en kon deure oopmaak vir die wetenskap en onontdekte store van kennis openbaar indien dit noodsaaklik was vir verlossing. **Hy**

**het aan die mens voorgehou presies dit wat in stryd was met die voorstellings van die vyand ten opsigte van die karakter van God, en het probeer om die vaderlike liefde van die Vader voor te hou, want God het "die wêreld so liefgehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."** [Johannes 3:16.] Hy het die mens lering gegee oor die noodsaaklikheid van gebed, berou, belydenis en die versaking van die sonde. Hy het hulle eerlikheid, verdraagsaamheid, barmhartigheid en medelye geleer en hulle beveel om nie net diegene lief te hê wat hulle liefgehad het nie, maar ook diegene wat hulle gehaat het, wat hulle veragtelik behandel het. Hierin openbaar Hy aan hulle die karakter van die Vader, wie lankmoedig, barmhartig en genadig is, verdraagsaam en vol goedheid en waarheid is. Diegene wat Sy leerstelling aanvaar het, was onder toesig van engele, wat die opdrag gehad het om hulle te versterk en te verlig, sodat die waarheid die siel sou vernuwe en heilig. {Vertaal uit *Christian Education*, 74.1}

**In 'n uiteensetting van Sy aardse sending het Jesus gesê**: "Die Here het My gesalf om die evangelie aan die armes te bring; Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur." Lukas 4:18,19. Dit was Sy werk. Hy het deur die land gegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was. Daar was dorpe waar daar nie in een enkele huis die versugting van 'n sieke gehoor is nie; want Hy het daardie dorpe besoek en al hulle siekes genees. Sy werk het getuig van Sy goddelike salwing. **Liefde, barmhartigheid en ontferming het uit al Sy dade gestraal; met tere medelyde het Hy die mensekinders bejeën. Hy het die menslike natuur aangeneem sodat Hy die mens se behoeftes kon verstaan**. Die armoedigste en nederigste was nie bang om Hom te nader nie. Selfs kindertjies het tot Hom aangetrokke gevoel. Hulle het graag op Sy knie gesit om in Sy peinsende gesig, so vol van liefde, te staar. Jesus het nooit

een enkele woord van waarheid verswyg nie, maar Hy het dit altyd in liefde gespreek. Hy het die grootste takt aan die dag gelê, en was altyd bedagsaam en vriendelik in Sy omgang met mense. Hy was nooit onbeskof nie, het nooit onnodig 'n harde woord gespreek, en nooit 'n gevoelige hart onnodig seergemaak nie. Hy het nie die menslike swakheid bestraf nie. Hy het die waarheid gespreek, maar altyd in liefde. **Hy het geveinsdheid, ongeloof en sonde bestraf, maar Hy het dit met trane gedoen**. Hy het oor Jerusalem, die stad wat Hy liefgehad het, maar wat Hom, die weg, die waarheid en die lewe verwerp het, geween. Hulle het Hom, die Verlosser, verwerp, maar Hy het hulle met die grootste ontferming bejeën. Hy het 'n opofferende lewe gelei, en altyd aan ander gedink. Elke siel was kosbaar in Sy oë. Terwyl Hy Homself gedurig met goddelike waardigheid gedra het, het Hy met die grootste liefde neergebuig tot elke lid van die hemelse gesin. In alle mense het Hy gevalle siele gesien wat Hy moes red. **Dit is die karakter wat Christus in Sy lewe geopenbaar het, en dit is die karakter van God. Die strome van goddelike liefde wat in Christus geopenbaar is, en wat na die mensekinders vloei, kom uit die Vader se hart. Jesus, die tere, ontfermende Heiland was God self, "geopenbaar in die vlees."** I Timótheüs 3:16 {Skrede na Christus, 2013 bl.5,6}

Christus het na hierdie wêreld gekom en Sy goddelikheid met menslikheid beklee en op Hom die natuur van die mens geneem. Hy het deur die ervarings van die mensdom gekom, om in die voetstappe van Adam wat geval het, te volg; om verlossing te bring aan sy mislukking, om die teëstander van God en die mens te ontmoet en te oorwin, sodat die mens deur Sy genade 'n oorwinnaar kon wees en uiteindelik 'n plek saam met Hom op Sy troon kon hê. Hy het die konflik opgeneem. Op hierdie wêreld, vergelykbaar die grootte van ‘n atoom, moet die stryd gevoer word tussen Christus, die Vors van die Lewe, en Satan, die vors van die duisternis. **Deur sy oortreding het die mens ‘n kind van die bose geword, die gevangene van Satan, die vyand van God. Satan het die karakter van God verkeerdelik**

**voorgestel en die mens, wat na die goddelike beeld gemaak is, betwyfel die liefde van Sy Hemelse Vader**, hy wantrou Sy woord en stel homself in hardnekkige ongeloof en opstand teen Sy vereistes. { Vertaal uit *Bible Echo*, 1 November 1892, par.2}

**Christus het gekom om die karakter van Sy Vader te verteenwoordig, om die mens terug te wen tot getrouheid aan God, om die mens met God te versoen**. Hy wou die vyand tegemoet gaan om sy kunste te ontmasker, sodat die mens in staat sou wees om te kies wie hy wou dien. Satan was Lucifer, die ligdraer. Hy het in God se heerlikheid in die hemel gedeel en tweede gestaan na Jesus in mag en majesteit. In die woorde van inspirasie word hy beskryf as die een wie "die seëlring van eweredigheid [was], vol wysheid en volmaak in skoonheid". Ongelukkig het Lucifer die skoonheid en krag waarmee hy deur die Skepper toegerus is, verdraai en sy lig het duisternis geword. Nadat hy deur sy opstand uit die hemel gewerp is, het hy besluit om die mens sy slagoffer te maak en die aarde sy koninkryk. Hy het die skuld van sy rebellie op Christus gewerp en in vasberade haatdraendheid teenoor God probeer om Hom deur die val van die mens te wond. In die geluk en die vrede van Eden het hy 'n visioen gesien van die geluk wat hy vir ewig verloor het; hy het besluit om dieselfde bitterheid wat hyself gevoel het, in die harte van God se skepsels op te wek, sodat hulle lofliedere en dankseggings kan verdraai word om hul Skepper te verwyt. {Vertaal uit *Bible Echo*, 1 November 1892, par.3}

Die groot Geneesheer werk saam met alle pogings wat aangewend word ter wille van die lydende mensdom, om lig aan die liggaam te gee en lewe en herstel aan die siel. Waarom? Satan het in ons wêreld gekom en die mens in versoeking gelei. Met die sonde het siekte en lyding gekom, want ons maai wat ons saai. **Satan het naderhand veroorsaak dat die mens God aankla vir die lyding wat slegs die duidelike gevolg is van die oortreding van die fisiese wet. God word dus valslik**

**beskuldig en Sy karakter word verkeerdelik voorgestel**. Hy word daarvan aangekla dat Hy gedoen het wat eintlik deur Satan gedoen is. God wil hê dat Sy volk hierdie leuen van die vyand moet openbaar. Aan hulle het Hy die lig van die evangelie van gesondheid gegee en as Sy verteenwoordigers moet hulle die lig aan ander gee. {Vertaal uit *Christian Educator*, 1 Oktober 1898, par.9}

Die ganse hemel stel belang in die redding van die mens en dat die werk vinnig gedoen moet word, dat die koninkryk van God kan kom en die aarde gevul word met die kennis van God soos die waters die see bedek. **Die groot begeerte van die hemelse intelligensie is dat die karakter van God, wat so lank verkeerdelik voorgestel en geïnterpreteer is, tereg voorgestel kan word voor diegene wat deur die vyand se misleiding bedrieg is. Satan het God sy eie eienskappe toegereken.** Het dit nie nou tyd geword dat die naam van Christus onder die heidene verhoog sal wees nie? God roep diegene wat verlig is om in gelid te kom en om aggressiewe oorlogvoering op die vestings van die bose te loods. {Vertaal uit *The Home Missionary*, 1 September 1892, par. 6}

Die enigste hoop vir die gesneuwelde ras was om met God versoen te raak. **Satan het God so verkeerdelik voorgestel dat die mens geen ware opvatting van die goddelike karakter gehad het nie. Christus het na die wêreld gekom en deur die plan van verlossing uit te dra, het Hy aan die mens geopenbaar dat "God liefde [is]"**. {Vertaal uit *Messenger*, 7 Junie 1893, par.2}

Christus het gekom om die Vader aan die mens voor te stel. Hy het die natuur van God aan die wêreld geopenbaar. **Satan het die Vader verkeerdelik voorgestel. Hy het hom voorgestel as 'n wese vol wraak, wie geen verdraagsaamheid, geen genade, geen geduld, geen liefde gehad het nie. Hy het Hom met sy eie eienskappe beklee; maar Christus het gekom en die mensdom op Hom**

**geneem om die ware karakter van die Vader aan die mensdom te openbaar**; en ons moet Christus voorstel aan die wêreld soos Christus die Vader voorgestel het. {Vertaal uit *Review and Herald*, 30 April 1889, par.8}

**Satan het die karakter van God verkeerdelik voorgestel. Hy het Hom beklee met sy eie eienskappe. Hy het Hom voorgestel as 'n wese met onbuigbare strengheid**. Hy het die wêreld afgesluit daarvan om die ware karakter van God te aanskou deur sy skaduwee tussen die mens en die goddelike Een te werp. **Christus het na ons wêreld gekom om daardie skaduwee te verwyder. Hy het gekom om die Vader te verteenwoordig. Hy het gesê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Hy het gebid dat Sy dissipels een met Hom sou wees, net soos Hy een met die Vader is. Die mens het verklaar dat hierdie eenheid met Christus onmoontlik is, maar Christus het dit moontlik gemaak deur ons in harmonie met Homself te bring deur die verdienste van Sy lewe en offer**. Waarom betwyfel ons die liefde en krag van God? Waarom plaas ons nie onsself aan die geloofskant van die vraag nie? Sien u die bekoring en aantreklikhede van Jesus raak? Probeer dan om in Sy voetspore te volg. Hy het gekom om die Vader aan die wêreld te openbaar en Hy het aan ons die werk gegee om Sy liefde, reinheid, goedheid en tere simpatie by die mensekinders te verteenwoordig. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 15 April 1889, par.6}

**Jesus het na hierdie aarde gekom om die karakter van die Vader by die wêreld te verteenwoordig. Hy het gesê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Satan het die karakter van God verkeerdelik voorgestel en Hom in 'n valse lig geplaas. Maar Jesus het gekom om die Vader se liefde en medelye aan die gevalle mensekinders te openbaar**. Wanneer diegene wat bely dat hulle die diensknegte van God is, hul aangesigte in somberheid laat sak en voortdurend kla, verteenwoordig hulle hul hemelse Vader op die verkeerde

manier. Hulle bevestig die indruk wat Satan omtrent Sy karakter gemaak het. Hulle sê vir die wêreld: "Die diens van God is 'n harde diens. Om die wet van God te onderhou, is slawerny." Dit is alles onwaar. Wat plaas die boeie om die mens se polse? Is dit wetsgehoorsaamheid? Nee, glad nie. Diegene wat die wette onderhou, beweeg vrylik rond. Dit is die oortreder wat in slawerny is. Die vloek van die wet is nie op diegene wat daarna streef om God se heilige voorskrifte deur geloof in die Verlosser te vervul nie. Hulle is bedek met Sy geregtigheid. Hulle verkeer in vrede met God deur onse Here Jesus Christus. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 30 September 1889, par.7}

Jesus is oral vervolg tydens Sy bediening. Priesters en heersers was op Sy spoor. **Hulle het Sy sending en arbeid verkeerdelik verteenwoordig. Hy het na Sy eie gekom en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Engele het die konflik met elke tree dopgehou. Hulle het die gees en werk van die vyand gesien**. Hulle het die planne van Satan teen die goddelike Seun van God met verbasing aanskou. **Hulle het gesien dat hy wat net tweede na Jesus in mag en heerlikheid was, so laag geval het dat hy mense kon oorhaal om die weë van Christus van stad tot stad te vervolg**. Toe Christus die tuin van Getsémané opgesoek het, het die vyand duisternis op Sy siel afgedwing. Selfs Sy dissipels het gedurende daardie uur van beproewing nie saam met Hom gewaak nie. Hulle het die angs van gebed gehoor wat van Sy bleek en bewende lippe gekom het, maar hulle het gou toegelaat dat slaap hulle oorval en het hul lydende Meester alleen laat worstel met die magte van die duisternis. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 25 November 1889, par.1}

**Tensy mense God sal ken soos Christus Hom geopenbaar het, sal hulle nooit 'n karakter vorm na die goddelike gelykenis nie en sal hulle God dus nooit sien nie**. Die engele in die hemel staan verbaas omtrent elkeen wat God eens geken het, wie daarna onverskillig raak en toelaat dat hulle denke

opgeneem word in enige tydelike strewe en toelaat dat hulle aandag van die God van die hemel afgelei word, sodat hulle hul Skepper teen willens en wetens vergeet en Hom vervang met ander here en gode. Die dag het aangebreek dat daar baie here en baie gode is en Satan het beoog om homself tussen God en die menslike siel op te stel, sodat die mens God nie hulde sal bring deur Sy wet te onderhou nie. Satan het kledingstukke van engelagtige glans om hom gewikkel en hy kom na die mens as 'n engel van die lig. Hy laat die skuldige siel dinge op 'n verdraaide manier aanskou, sodat hy dit haat wat hy moet liefhê en dit wat hy moet haat en verag, liefhet. **God word so verkeerdelik voorgestel aan hom dat hy nie omgee om die ware en lewende Vader in sy denke te behou nie, maar hom wend tot die aanbidding van valse gode. Hy weet nie dat die liefde van God sonder gelyke is nie, maar Christus het daardie liefde aan 'n gevalle wêreld geopenbaar**. Johannes roep na die wêreld om die wonderlike liefde van God te aanskou, en sê: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie." {Vertaal uit *Review and Herald*, 9 Maart 1897, par.10}

Satan het die karakter van God aan die wêreld verkeerdelik voorgestel en die mens tot opstand versoek; maar **Jesus het in Sy eie lewe en karakter gekom om te manifesteer wat die ware natuur van die Vader is. Oral waar Hy gegaan het, het Hy die Vader geopenbaar as 'n God van oneindige liefde en onbegrensde medelye**. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 18 Mei 1891, par.2}

In die persoon en werk van Christus word die heiligheid van God geopenbaar, **want Christus het gekom om die Vader te openbaar. Satan het sy skaduwee op die weg van die mensdom gewerp en die karakter van God verkeerdelik voorgestel**. Die stryd van Satan het nie geëindig toe hy uit die howe van die hemel verdryf is nie. Hy het Christus gehaat oor Sy

posisie in die howe van God en hy het Hom des te meer gehaat toe hy self onttroon is. Hy het Hom gehaat toe Hy na 'n verwoeste wêreld gekom het om barmhartigheid te betoon en Sy medelye met die menslike ras van sondaars te openbaar. Deur die owerpriesters en Fariseërs is die haat van Satan teenoor die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem, geopenbaar. {Signs of the Times, 11 Desember 1893, par.8} - Vryvertaal

Christus se sending na die wêreld openbaar wat die Vader in ALLE noodgevalle sou gedoen het. Die grootste noodgeval wat die heelal in die gesig gestaar het, is die groot stryd. Wat die Vader doen word in Christus Jesus geopenbaar.

Die werk van die barmhartige Samaritaan verteenwoordig Christus se sending na die wêreld. **Ons Verlosser het gekom om die karakter van God te openbaar en Sy liefde vir die mens te verteenwoordig. Hy het opgetree net soos die Vader in ALLE noodgevalle sou optree.** Christus het vir ons 'n liefde wat die menslike liefde nooit kan ewenaar nie, geopenbaar. Hy het gesterf om diegene wat Sy vyande was, te red; Hy het vir Sy moordenaars gebid. Toe ons verbrysel was en besig was om te sterf, het Hy ons jammer gekry. Hy het nie aan die ander kant van ons verbygegaan nie en ons hulpeloos en hopeloos laat sterf nie. Hy het nie in Sy heilige, gelukkige tuiste gebly, waar Hy vereer is deur al die hemelse leërskare, wat graag Sy bevele nagekom het nie. Hy het ons geweldige behoefte gesien; Hy het ons saak opgeneem en Sy belange by die mensdom geplaas. Hy het " 'n man van smarte en bekend met krankheid geword… Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." {Vertaal uit *The Home Missionary*, 1 Oktober 1897, par.7}

Christus is die Goddelike Herbouer wat nooit geweld gebruik nie.

Profesie het die natuur van Christus se koninkryk duidelik gestel. **Hy het 'n regering beplan wat geen geweld sou gebruik**

> **nie; Sy onderdane sou geen onderdrukking ken nie**. Die simbole van aardse regerings is wilde diere, maar in die koninkryk van Christus word die mens opgeroep, nie om 'n wrede dier te aanskou nie, maar die Lam van God. **Nie as 'n hewige tiran het Hy gekom nie, maar as die Seun van die mens; nie om die nasies te verower deur Sy ystermag nie, maar "om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges", "om die gebrokenes van hart [te verbind], om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenes**;" "om al die treurendes te troos." **Hy het as die goddelike Herbouer gekom** en die ryk en oorvloedige genade van die Hemel na die onderdrukte en vertrapte mensdom gebring, sodat, deur die krag van Sy geregtigheid, die mens wat geval het, al was hy verbreek en afgestomp, deel kon hê aan die goddelikheid. {Vertaal uit *Review and Herald*, 18 Augustus 1896, par.3}

Hier sien ons die kwessie wat in 1888 op die spel was. Dit het verband gehou met die karkater van God.

> "By die vergadering in Kansas was my gebed tot God dat die mag van die vyand verbreek sou word en dat **die mense wat in die duisternis was, hul harte en verstand kon open vir die boodskap wat God hulle sou stuur, dat hulle die waarheid sal sien, wat nuut is vir baie mense, soos ou waarheid in 'n nuwe raamwerk. Die begrip van die volk van God is verblind; want Satan het die karakter van God verkeerdelik voorgestel. Ons goeie en genadige Here is voorgelê aan die volk as beklee met die eienskappe van Satan. Manne en vroue wat na waarheid soek, het God al so lank in 'n valse lig beskou dat dit moeilik is om die wolk wat Sy heerlikheid verdoesel, uit hul sig uit weg te ruim**. Baie leef in 'n atmosfeer van twyfel en dit lyk vir hulle byna onmoontlik om die hoop wat aan hulle in die evangelie van Christus voorgehou word, aan te gryp." {Vertaal uit *Review and Herald*, 23 July 1889}

Die volgende aanhaling is 'n pragtige manier om hierdie versameling aanhalings af te sluit. Christus vernietig nie. Hy verbeter alles waarmee Hy in aanraking kom. Halleluja!

> Ons moet elke les wat Christus deur Sy hele lewe en onderrig gegee het, noukeurig waarneem. Hy vernietig nie; Hy verbeter alles waarmee Hy in aanraking kom. {Vertaal uit *E.G.W Letter 135*, 1897; *Selected Messages*, Vol.1, p.118}

# CHRISTUS SE SENDING NA DIE WÊRELD

Christus het die karakter van God verhef deur aan Hom die lof toe te ken en aan Hom die eer te gee, dit is **die hele doel van Sy eie sending op aarde - om die mens reg te help deur die openbaring van God. Die vaderlike genade en die ongeëwenaarde volmaaktheid van die Vader is in Christus voor die mens gestel.** In Sy gebed net voor Sy kruisiging, het Hy verklaar: "Ek het u Naam geopenbaar." **"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Nadat die doel van Sy sending bereik is - die openbaring van God aan die wêreld - het die Seun van God aangekondig dat Sy werk volbring is en dat die karakter van die Vader aan die mens openbaar gemaak is**.

{Signs of the Times, 20 Januarie 1890, par.9}

maranathamedia.co.za/af